Redaksioneel

Phil van Schalkwyk

In hierdie uitgawe van *T.N&A* verskyn 'n sewetal uiteenlopende artikels.

Die goue draad in die meeste van die bydraes is egter (die rol van) die geskiedenis. Die negatiewe en die positiewe, die lelike en die mooie, die treurige en selfs die komiese word in hierdie verband verken.

Irma Bluijs onderneem aan die hand van Robert Cover en Richard Weisberg se teorieë oor "law and literature" 'n ondersoek na die interaksie tussen die juridiese en die literêre in André Brink se roman oor die slawe-opstand van 1825, *Houd-den-bek* (1982), 'n interaksie waardeur 'n kragtige kritiek teen apartheid bewerkstellig word.

Die geskiedenis keer terug in Wannie Carstens se artikel waarin die herskryf van die geskiedenis van Afrikaans onder die loep geneem word, met besondere aandag aan die resente prosesse wat daartoe bygedra het dat 'n gedeelde geskiedenis van Afrikaans nou geskryf kan word.

Heilna du Plooy ondersoek tyd en temporaliteit in Marlene van Niekerk se *Agaat* (2004), en dui aan dat hierdie roman gesien kan word as ikonies aangesien dit 'n opvoering of demonstrasie is van die idee dat die geskiedenis blootgelê en ondermyn maar ook in herinnering geroep en geweeg moet word as deel van die "treurwerk" waaroor Freud dit gehad het.

Ena Jansen gaan in op Nederlandse buitelandse korrespondente se boekstawing van hul eie ervaring met en refleksie oor bediendes in die konteks van post-apartheid Suid-Afrika. Dit blyk dat die noue kontak met hierdie mense die joernaliste gekonfronteer het met hul eie politieke identiteit en morele vooroordele en standpunte.

Burgert Senekal wys in sy bydrae op die belang van populêre kultuur in vervreemdingstudies, onder andere in samehang met die herdefiniëring van identiteit wat sedert die negentigerjare van die vorige eeu toenemend sigbaar geword het. Melvin Seeman se vyf-aspek model van vervreemding (1959) word gebruik om ondersoek in te stel na hoe die lirieke van Fokofpolisiekar vervreemding uitbeeld.

Jacques van der Elst ondersoek binne die konteks van die na-oorlogse Nederlandse literatuur die kreatiewe spanning tussen die volmaakte en die mooie (soos vergestalt byvoorbeeld in die beeld van die engel) en die lelike en die ontwrigtende in Lucebert se poësie, met besondere aandag aan die gedig "de aflegging" wat die vorm 'n treursang aanneem.

Die geskiedenis van Afrikaans kom ten slotte weer ter sprake in Wium van Zyl se kritiese herbesoek aan die vroeë Afrikaanse komiese poësie. Hy rig hom op die resepsie van die korpus humoristiese gedigte in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis en die verband van hierdie kulturele ontwikkeling met die konteks van die negentiende-eeuse Europese kulturele nasionalisme en met die destydse breër Nederlandse en internasionale literêre landskap.

Hartlike dank aan die binne- en buitelandse keurders en aan Christa van Zyl vir die grafiese ontwerp.

Noordwes-Universiteit